

6 ~ DIE WONDERDADE VAN DIE GOD-KIND JESUS VANUIT 'N SOSIAAL-WETENSKAPLIKE PERSPEKTIEF VERKLAAR

6.1

Hermeneutiek van die god-kind mite

Ons het in hoofstuk 5 gesien dat teorieë oor mite in vier subgroepe onderverdeel word: historiese, psigologiese, sosiale en strukturele perspektiewe. Daar is egter heelwat oorvleueling en daarom is hierdie onderskeid in vier perspektiewe slegs van betekenis omdat dit dui op die verskynsel dat ondersoekers op 'n multidimensionele wyse vanuit verskillende perspektiewe verskillende vrae aan dieselfde mite kan stel.

Wat die "psigologiese dimensie" betref, word C G Jung ([1949] 1984: 251-253) se argetipiese begrip van die "god-kind" mite vir die doel van hierdie studie gebruik.¹ Dit wil voorkom asof 'n mens in hierdie geval met die figuur van die *puer aeternus*, wat 'n metamorfose is van die lot van die klassieke Griekse en Germaanse gode wat as "moeilikhedmakers" (*bugbears*) beskou kan word, te make het.² Onder die talle vorme waarin die god-kind motief in die literatuur voorkom,³ is daar in die antieke literatuur voorbeelde van "onheilige seuns met bose bedoelings", wat volgens Jung (1984:252) die "blywende vitaliteit van die kind-argetipe" illustreer. Jung (1984:254-255) wys egter daarop dat 'n mens nie die fout behoort te begaan om die kind-motief te wil evalueer of te verstaan deur dit empiries met die reële kind te

¹ In folkloristiese vertellings kom die kind-motief voor in die voorstellings van die dwergie (*dwarf*) en die feetjie (*elf*) as personifikasies van die verskuilde kragte van die natuur. Tot hierdie kategorie hoort die klein metaalmannetjie van die laat-antieke periode, die ἄνθρωπάρριον (wat tot diep in die Middeleeue nie net in mynskagte gewoon het nie, maar ook die alchemiese metale verteenwoordig het), asook Mercurius wat op volmaakte wyse hergebore is as 'n hermafrodiet, bekend as *filius sapientiae* of *infans noster*. Op grond van tekste uit die 14de- en 15de-eeuse Duitse mistiek en dié oor Britse spookstories rondom argeologiese plekke van Romeinse oorblyfsels, dui visionêre ervarings van die "naakte seun" (*Naked Boy*) en die "stralende seun" (*Radiant Boy*) op die "manifestasie van die onbewuste" ("the irruption of the unconscious").

² 'n Mens sien iets hiervan in Goethe se karakterisering van die mistieke figuur "Faust" wat in 'n seun verander om so op 'n illegitieme wyse opgeneem te word in die "koor van die geseënde jeug".

³ Volgens Jung (1984:254 nota 21) is hierdie verskynsel veral op die terrein van psigo-patologie, wat die terapie van neuroses betref, belangrik.

vergelyk nie. Hierdie motief behoort as simbool verstaan te word en dit gaan dus oor 'n nie-empiriese wonderkind⁴ – 'n goddelike kind wat verwek, gebore en grootgemaak is in buitengewone omstandighede. Hierdie insig spruit voort uit die aanname dat die konteks en die funksie van die mite in die spesifieke konteks by die interpretasie van mite behoort ernstig opgeneem te word.⁵ Dit is om hierdie rede dat mite as 'n “manier van dink” beskou word. Volgens ondersoekers soos Freud ([1953] 1965) en Jung ([1956] 1967:17), asook Bultmann ([1958] 1964:15) en Jonas (1969:315-329), verskil “mitiese denke” in die pre-moderne era fundamenteel van dié in die moderne (of te wel die natuurwetenskaplike) era. Eersgenoemde kan as “fantasie denke” (*mythos*), en laasgenoemde as “rasionalistiese denke” (*logos*) beskryf word (vgl Segal 1999:81-84).

Dit is daarom nodig om die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) in terme van die pre-moderne wêreldbeskouing as mitiese vertelling te interpreteer. Jesus as god-kind wat ten volle menslik en soos 'n volwassene optree, behoort verstaan te word soos wat dit in antieke tye verstaan is.

6.2

'n Sosiaal-wetenskaplike verklaring

Die verskynsel dat kindheidsvertellings – insluitend die *KindEvTom* se Jesus – die optredes van onsterflikes, kultuurhelde, gode, keisers en filosowe in die antieke tyd oordra na die kind as protagonis in die kindheidsvertelling, is egter nog nie in hierdie studie beantwoord nie. Helmut Koester (1971:147-190) se siening dat ons te doen het met 'n ontwikkeling van 'n biografie in verdere vertellings,⁶ is as 'n formele

⁴ “The child motif represents the pre-conscious childhood aspect of the collective psyche ... Religious observances, i.e., the retelling and ritual repetition of the mythical event, consequently serve the purpose of bringing the image of childhood, and everything connected with it, again and again before the eyes of the conscious mind so that the link with the original condition may not be broken” (Jung 1984:254-255).

⁵ Segal (1999:72-73) stel dit soos volg: “Myths for [Jung] do not merely convey meanings. They convey meanings to adherents. Myths are intended by the unconscious to reveal its contents to those whose myths they are. To reach their intended audience, myths must be translated into language the audience knows. Just as archetypes must be translated, however insufficiently, into myths, so myths must be translated, however insufficiently, into language of those whose myths they are.”

⁶ In voetnota 47 van hoofstuk 2 van hierdie studie is daar gewys op Koester (1971) se standpunt. Volgens hom het ons met 'n “trajek-ontwikkeling” te doen. Die apokriewe evangelies (insluitende die

aangeleentheid interessant, maar hierdie siening bied nie ’n substansiële antwoord op die vraag nie.

’n Oorsig van die bestaande navorsing van die verhale oor die heroïese optredes van die kind in kindheidsvertellings toon dat navorsers geneig is om hierdie heldefigure se verbintenis met die goddelike sfeer as die rede vir die volwasse kwaliteite van hulle kindertyd te verklaar. Die probleem is egter dat nie alle kinders in die antieke tyd, wat vir hulle wysheid en volwassenheid aangeprys is, goddelik was of ’n verbintenis met die goddelike sfeer gehad het nie. Sulke karaktertrekke – om in kindertyd as volwassene op te tree – kan daarom nie as sodanig as ’n aanduiding van goddelikheid gesien word nie, alhoewel dit trekke is wat ’n goddelike wese blykbaar oor moes beskik het.

Dit wil voorkom asof die uitbeeldings van hooggeagte kinders in die antieke tyd kwaliteite bevat het wat sulke kinders bo “normale” kinders verhef het, sodat die skrywer of kunstenaar hierdie kwaliteite as voldoende beskou het om sy of haar “kind as held” op ’n grootmensagtige wyse voor te stel. Die verklaring van Koester (1971) hierbo spruit voort uit ’n benadering tot die probleem en die teks wat ek in hoofstuk 1 van hierdie studie as die “Christologie van onder” beskryf het. Vanuit die alternatief van ’n “Christologie van bo” kan kindheidsevangelies op ’n oppervlakkige wyse as verdraaiings van die kanonieke evangelies beskou word (iets hiervan lê moontlik ten grondslag van Hans-Josef Klauck [2003] se siening soos hierbo daarna verwys is). Vanuit ’n perspektief van ’n “Christologie van die kant” word dit ’n heeltemal ander vraagstuk: Wat is dit omtrent kindertydjare in die vroeë Christelike en Hellenistiese wêreld⁷ wat die moontlikheid geskep het dat ’n skrywer of kunstenaar bykans alle kinderlike karaktertrekke as afwesig in die lewe van ’n bepaalde kind sien?

Sosiaal-wetenskaplike studies het uitgewys dat dit eers nader aan die vierde eeu was dat kinders as meer as net grootmense-in-wording beskou is (Chartrand-Burke 2001).⁸ Teen driejarige ouderdom het suigelinge hulle kinderjare betree, ’n

kindsheidevangelies) spruit voort uit die so genoemde “Spreuke” (*logoi sophōn*)-*Gattung* wat inhoudelik ’n aretalogie is waarin Jesus as *theios aner* (godmens)/wonderdoener voorgestel word.

⁷ Kyk Dixon (1992); Evans (1991:166–209); Wiedemann (1989); Kertzer & Saller (1991); Rawson & Weaver (1997).

⁸ Voor formele opvoeding begin het, is die kinderjare merendeels deur spel gekenmerk (Wiedemann 1989:146–53; Rawson 1991:19–20). Baie van die spelery was egter, selfs op dié jong ouderdom, bedoel as voorbereiding vir die grootmenslewe. Seuns het “challenge-riposte” speletjies gespeel wat hoër van laer status onderskei het, met een wat as leier of wenner aangewys is en die ander wat as verloorder uitgewys is. In ’n Romeinse konteks, was spele in die latere kindertyd, soos strydswedrenne en swaardvegwedstryde, ’n verdere aanduiding van die jonges se pogings om die grootmenslewe na te

periode wat vanaf suigeling tot die begin van puberteit gestrek het. Regdeur hierdie jong jare is die kind op die volwasse lewe voorberei. Vir baie was kind-wees vlietend. Terwyl seuns uit aristokratiese gesinne 'n bietjie langer in speelse adolessensie kon bly, is meisies in vroeë huwelike, en die armes in 'n leeftyd van arbeid ingedwing. Teen die tyd dat primêre opvoeding voltooi is, was 'n individu in die Romeinse en Palestynse samelewing, so te sê 'n volwassene. Teen twaalf jaar was die meeste kinders se skoling verby.⁹ Dit het daartoe gelei dat die helde in vertellings reeds in hulle kinderjare, die vermoëns waaroor hulle later as volwassenes sou beskik, begin openbaar of 'n aanduiding daarvan gegee het. Dit was ook die geval met die karakterisering van Jesus in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453).

Die *KindEvTom* was geskryf in 'n era toe ouers hulle kinders op 'n afstand gehou het totdat hulle “volwassenheid” bereik het. Dit is derhalwe onwaarskynlik dat hulle persepsies van kind-wees 'n akkurate aanduiding kan gee van die realiteit van kinderervarings in die antieke tyd. Die voorstelling van kinders het daarenteen geneig na 'n ideaal wat baie nader aan volwassenheid as aan kind-wees was. Die kwaliteite wat 'n mens normaalweg by kinders sou verwag – speelsheid, onskuld, impulsiwiteit, ongehoorsaamheid – is almal afwesig en is met kwaliteite vervang wat in volwassenes hooggeag word: wysheid, wasdom, konformisme en beheerstheid. Sulke hoedanighede kom algemeen voor in die kindheidsvertellings van vereerde persone. Dit is ook 'n integrale deel van die karakterisering van Jesus in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Die Jesus-beeld in hierdie Griekse manuskrip is vir die antieke mens 'n ideale kind – uitgebeeld asof hy 'n volwassene is net soos ander geëerde figure in daardie tyd.

In 'n kultuur waar baie kinders in die sorg van 'n slaaf gelaat is, of lewenslank in 'n konteks van arbeid ingedwing is, verbaas dit nie dat Cicero (*De Senectute* 83;

doen. Hierdie “uitdaag en respons” was deel van eer en skande as die spil waarom sosiale waardes in 'n Mediterreense konteks gedraai het (kyk Malina [1981] 1993:28-55).

⁹ Romeinse seuns het op die ouderdom van 15 of 16 volle burgers in die politieke sin geword. Teen hierdie tyd het hulle die “seunskleed” (die *bullā* en *toga praetexta*) verruil vir dié van 'n man (die *toga virilis*). Seuns van hierdie ouderdom moes egter nog baie leer oor hoe om “man” te wees. Die volle verantwoordelikheid van 'n volwasse man, wat volledige finansiële outonomie ingesluit het, asook belangrike politieke posisie en om in die huwelik te tree, het gewag tot nader aan 25-jarige ouderdom (kyk Kleijwegt 1991:72). Ongeveer dieselfde het vir jong mans in formatiewe Judaïsme gegeld. Die rabbi's het bepaal dat 'n kind se regsverantwoordelikheid met puberteit begin het, maar vir 'n man was die huwelik nie in die vooruitsig gestel voor op die ouderdom van 30 nie, en selfs op 20 was 'n jong man nog bestempel as as naïef, rebels en nog nie as “volbaard” nie. Indien begaafd, kon hulle verkore wees om hulle opvoeding voort te sit, hierdie keer aan die voete van leermeesters en filosowe (kyk Marrou 1956:160–216; Safrai & Stern 1976:953).

kyk Chartrand-Burke 2001) byvoorbeeld die siening aan Kato die Oudste toegeskryf het dat, as die gode aan hom die gawe sou bied om na die wieg terug te keer en die lewe weer as 'n kind te begin, hy dit sou weier. Vir Cicero en sy tydgenote het die idee van jeug gedui op jong volwassenheid en nie op die herlewing van aangename kindertydervarings nie (Wiedemann 1989:26–27).

Die Romeine het nie waarde aan kind-wees geheg nie, onder andere omdat die belangrike gawe van die rede, volgens hulle, by kinders – net soos by vroue – ontbreek het.¹⁰ Die gaping tussen kind en volwassene is opgelos deur kind-wees te karakteriseer as 'n voorbereidingsplatform vir die grootmenslewe, soos Cicero (*De Republica* 137.3 [Keyes, Loeb]) skryf, “the thing itself cannot be praised, only its potential.” Hierdie uitgangspunt word bevestig deur daarop te let dat volwasse skrywers en kunstenaars, wat verwysings na kinders in hulle werke ingesluit het, min belang by die kinders se welstand gehad het (Chartrand-Burke 2001). Talryke inskripsies ken aan kinders 'n wysheid toe wat nie by hulle ouderdom pas nie (kyk Kleijwegt 1991:126-130).

Wiedemann (1989:51) se bespreking van die model kinderjare van vooraanstaande mans van die antieke tyd begin met die stelling dat hierdie mans “nie gewone burgers” was nie, maar dat hulle “abnormale, supermense” was. Dit is wel opvallend dat graf- (funerêre) artefakte (kyk Chartrand-Burke 2001) daarop dui dat dieselfde prysenswaardige hoedanighede wat aan keisers, filosowe en ander heldefigure toegedig is, ook aan “gewone” kinders toegeken is.

Hierdie verskynsel kan verklaar word dat die ideaal dat enige kind die karaktertrekke van 'n volwassene sal hê, so sterk in die Mediterreense kultuur begin leef het dat kinderkwaliteite selfs in die nie-elitistiese deel van die samelewing geminag is. Dit was byvoorbeeld nie ongewoon om in graf-ikonografie (Huskinson 1996:80; 1997:237-238) 'n kinderportret op 'n volwasse liggaam te plaas nie. Hierdie kinders, nog te jonk om die grootmensewêreld van hulle ouers te betree, word uitgebeeld as die jong volwassenes wat hulle ouers wou hê hulle moet wees. Die verskynsel in graf-ikonografie ten opsigte van kinders dat mitiese motiewe van mitologiese helde-figure 'n kinderportret dikwels verwring, maak die identifisering van hierdie kinders moeilik (kyk Huskinson 1997:235). Volgens Chartrand-Burke

¹⁰ Die kwaliteite van kinders is daarom as negatief teenoor dié van grootmense beskou. Hulle was onkundig, eiesinnig, dwaas en bakleierig. Hulle het onsin gepraat, het nie oor oordeel beskik nie, was fisies broos en kon maklik bang gemaak word (Wiedemann 1989:17-19, 24; vgl Currie 1993:15-16). Die adolossente heerser was daarom van nature 'n bron van groot bekommernis vir die outeurs van die *Scriptores Historiae Augustae* (Wiedemann 1989:67-68).

(2001) het die ouers van afgestorwe kinders miskien 'n mate van berusting ervaar deur hulle kind met 'n vergoddelike held te vereenselwig (Chartrand-Burke 2001).

6.3

Samevatting

Samevattend kan daar op grond van die bespreking tot sover 'n aantal faktore geïdentifiseer word om hierdie tipiese kenmerk van 'n kindheidsvertelling te verklaar. Eerstens is daar geglo dat die kwaliteite waarvoor 'n volwassene bekend was, reeds by geboorte by die individu vasgelê is. Kindheidsvertellings neig daarom na 'n vooruitskouing van die protagonis se latere begaafdheid of selfs mislukkinge. Tweedens is 'n verbintenis in een of ander vorm met die goddelike algemeen aanwesig by die protagoniste in hierdie verhale. Die Griekse helde het byvoorbeeld na hulle dood onsterflikheid bereik, keisers kon gode word en filosofe is aan gode verbind.¹¹ Hierdie heldpatroon bevat 'n tendens om hierdie figure reeds in hulle jeug as volwassenes uit te beeld. As kind het die “goddelike held” reeds die vermoëns en wysheid wat sy helde-optrede as volwassene antisipeer.¹²

In die Israelitiese konteks is Philo (*De Vita Mosis* 1.5-1.24) en Josefus (*Antiquitates Judaicae* 2.9.2-3, 6, 7; 2.10.1-2) se stories oor Moses die bekendste.¹³

¹¹ Plato is die enigste filosoof wat goddelike verering van Diogenes Laertius ontvang het (kyk Riginos 1976:10 vir die primêre teksverwysing). Diogenes (3.2) lewer verslag van 'n anekdote waarvolgens goddelike vaderskap en maagdelike geboorte op grond van die toedoen deur Apollo (3.2) aan Plato toeskryf word en soos ander hoogaangeslane filosofe en digters, begin Plato om hom as jong volwassene te onderskei.

¹² Theseus, byvoorbeeld, het as kind sy toekomstige volwasse bestemming vooruitgegaan deur as kind sy reeds ontsaglike krag te gebruik om die steen waaronder die swaard en sandale (wat sy vader aan hom nagelaat het) versteek was, te verskuif (Plutarchus, *Theseus* 3). Herakles demonstreer sy krag en karakter as 'n suigeling deur twee slange wat Hera gestuur het om hom dood te maak, te verwoeg (Apollodorus 2.4.8) en toon 'n volwasse temperament wanneer hy as kind sy onderwyser doodmaak na 'n onregverdigde tugtiging (Apollodorus 2.4.9). Die legendes van Kores wat deur Herodotus (*Historiae* 114-15) opgeskryf is, skilder hierdie Persiese koning as 'n tipiese held. Nadat hy van blootstelling gered is, word die tienjarige Kores tydens 'n speletjie met ander kinders as koning gekies. Totaal bewus van sy koninklike rol, teister die seun Kores 'n adellike en verdedig daarna sy optrede met 'n welsprekendheid wat nie by sy ouderdom pas nie.

¹³ Bykomende verhale kan van Moses (*Liber Antiquitatum Biblicarum* [LAB] 9:10), Isak, Simson (*Antiquitates Judaicae* 5.8.1-4; LAB 42.1-10), Noag (*I Hen* 106:11-19), Abraham (*Job* 11:14-24), Maliagi (*LeweProfete* 16:1), en Elia (*LeweProfete* 21:2) opgespoor word. In die verhaal van Elia draai die engele, wat met sy geboorte aan die profeet se vader verskyn het, hom toe in “swaddling clothes of fire and gave him a flame of fire to eat” (*LeweProfete* 21:2 [Hare]).

Josefus (*Antiquitates Judaicae* 5.10.4) vertel ook dat Salomo die troon op twaalfjarige ouderdom bestyg het en die twaalfjaarou Daniël besit wysheid en geestelike volwassenheid (kyk De Jonge 1978:323). Die motief van volwasse wysheid in die jeug is so algemeen in “Joodse” biografieë, dat Josefus (*Vita* 9) dit selfs aan homself toegeskryf het. Met ander woorde, kinderverhale in Christelike geloofsgemeenskappe dateer van beide voor en ná die *KindEvTom*. Die motiewe in die vertellings oor die kind Jesus in die kanonieke evangelies is hiervan voorbeelde. Beide Matteus en Lukas se kindheidsvertellings oor Jesus bevat die goddelike ouerskapmotief, voortekens voor en ná die geboorte en die vroeë aanvaarding van Jesus se toekomstige rol. Ook in stories wat later in *Pseudo-Matteus* (hoofstukke 18-24) ingesluit is, word vertel van die suigeling Jesus wat welsprekend is en wonders doen.¹⁴

¹⁴ Maria is ook die produk van ‘n goddelike werkking in *Protevangelium Jacobus* (1–5) en wanneer sy as driejarige aan die tempel toegewy word, handel sy met ‘n volwassenheid wat haar ouderdom oorskry (*Protevangelium Jacobus* 7:9–8:1). In die verhare van Origenes se kindertyd, soos deur Eusebius vertel (*HE* 6), openbaar hy as kind ‘n verlange na martelaarskap en begin vroeg reeds sy soeke na allegoriese betekenis in die geskifte. Hierdie passie om te studeer maak Origenes se vader bly, wat, so skryf Eusebius, “aan God, die bron van alle goeie dinge, dank betuig omdat [God] hom waardig geag het om vader so ‘n kind te wees” (ὡμολόγει τῷ πάντων ἀγαθῶν αἰτίῳ θεῷ χάριν, ὅτι δὴ αὐτὸν τοιοῦδε πατέρα γενέσθαι παιδὸς ἤξιωσεν (*HE* 6.2.10 [Loeb Classical Library])).